## KRITERIA VIR KOMPETISIE

1. Inskrywings vir **graad 1- tot 3-leerders** moet 'n **plakkaat/tekening** wees wat die waarde van die biblioteek illustreer.

**Kriteria**

- Slegs graad 1- tot 3-leerders mag inskryf.
- Die plakkaat/tekening moet op 'n A4-bladsy gedoen word.
- Die naam, van, ouderdom en graad van die leerder moet duidelik sigbaar wees op die plakkaat/tekening.
- Dit moet die leerder se eie werk wees.
- Dit moet oorspronklik en kreatief wees.
- Plakkate/tekeninge moet saam met 'n voltooide toestemmingstrokie ingedien word sodat die plakkate/tekeninge in die media gepubliseer kan word.

**Leidende vrae**

- Illustreer op jou plakkaat/tekening waarvan jy in jou biblioteek hou.
- As daar nie 'n biblioteek by jou skool is nie, wat sou jy graag in 'n biblioteek wou sien gebeur?

2. **Graad 4- tot 12-leerders** moet 'n gedig oor die volgende tema skryf.

**Kriteria**

- Al die gedigte moet die leerders se eie werk wees.
- Die naam en van, skool se naam, en graad van die leerder moet duidelik sigbaar wees.
- Slegs een gedig per leerder word toegelaat.
- Die gedig kan in enige styl geskryf word, en kan rym, maar hoef nie te rym nie.
- Hoogstens 10 tot 15 reëls.
- Alle geskrewe inskrywings moet leesbaar wees.
- Gedigte moet saam met 'n voltooide toestemmingstrokie ingedien word sodat die gedigte in die media gepubliseer kan word.

**Leidende vrae**

- Hoe help skoolbiblioteke leerders om "#BackOnTrack" te kom ná die COVID 19-pandemie?
- As daar nie 'n skoolbiblioteek is nie, hoe sou 'n skoolbiblioteek leerders kon help om "#BackonTrack" te kom?
- Hoe sal skoolbiblioteekhulpbronne jou skool help as jou skool wen?